

JAARVERSLAG 2002

DIE INSTITUSIONELE FORUM

Samestelling

Die Institusionele Forum (IF) bestaan uit agt-en-twintig lede, sewe uit elk van die volgende groeperinge: die beheer- en bestuursektor, die personeelsektor, die studentesektor en die gemeenskapsektor. Hierdie verteenwoordiging sien soos volg daar uit -

Beheer- en Bestuursektor: Twee lede van die Raad verkies deur die Raad, drie lede van die Senaat verkies deur die Senaat, een lid van die bestuur aangewys deur die bestuur, en die Registrateur of 'n persoon wat deur die Registrateur aangewys word.

Personeelsektor: Twee lede uit eie geledere verkies deur die permanente nie-professorale akademiese personeel, een lid uit eie geledere aangewys deur die akademiese ondersteuningsdienste, twee lede uit eie geledere verkies deur erkende vakbonde, en twee lede uit eie geledere verkies deur administratiewe ondersteuningsdienste.

Studentesektor: Twee lede van die Studenteraad verkies deur die Studenteraad, twee lede van die Primkomitee aangewys deur die Primkomitee, een lid aangewys deur die studenteverenigings; en twee lede van die Akademiese Belangeraad aangewys deur die Akademiese Belangeraad.

Gemeenskapsektor: Twee lede van die konvokasie aangewys deur die president van die konvokasie, en vyf persone uit eie geledere aangewys deur die verteenwoordigende liggame van die burgerlike samelewing.

Verslag van die Institusionele Forum

Die Institusionele Forum van die Universiteit het in die jaar 2002 voortgebou op die werk van die vorige sowat twee jaar. Die verhouding met die Rektoraat is verruim en verstewig deur die gereelde vergaderings tussen die Uitvoerende Komiteelede en die Rektoraat. Kwessies betreffende die herskryf van beleidsdokumente, die optrek van nuwe beleid, kommunikasiekanale, planne en voornemens is hier bespreek.

Voorts het die uitvoerende komitees van die Raad en die IF informeel byeengekom. Die vrugte van dié byeenkoms sluit in beter kommunikasie en wedersydse terugvoer oor sake van belang.

Die IF se funksionering, en die rol wat hy binne die Universiteit speel, word tot op groot hoogte omskryf deur die Wet op Hoër Onderwys. Die IF het veral verlede jaar bewys dat so 'n forum, waar uiteenlopende sienings verteenwoordig word, waardevolle bydraes lewer in die vorming van beleid en kultuur.

Die IF het gedurende die jaar die Raad oor 'n aantal sake van advies gedien.

Die eerste geval, soos vervat in Rapport 1/2002A, het gehandel oor die wysiging van die reglement insake die aanwysing van die Rektor en Viserektore, oor die aanwysing van senior bestuurslede en oor die definisie van senior bestuur. Die fokuspunte in al drie

gevalle was die mate van deelname van die Universiteitsgemeenskap tydens sulke aanstellings en die verskeidenheid van posvlakke waarop sulke aanstellings in die openbare oog gemaak moet word. Die advies oor die senior aanstellings is grotendeels aanvaar, en die aanvaarde aanbevelings is ten uitvoer gebring in die proses wat gelei het tot die aanwysing van proff Botman en Claassen as die Viserektore vir onderskeidelik onderrig en navorsing.

Die tweede geval, soos vervat in Rapport 3/2002MA, het gehandel oor bystandsverlening aan behoeftige studente en oor wysigings aan die Universiteit se godsdienstebeleid. Die IF het aanbeveel dat meer meganismes ondersoek moet word om te voorkom dat behoeftige studente die Universiteit weens finansiële redes verlaat. Die IF se uiteindelige aanbeveling oor die godsdienstebeleid was dat daar na dié beleid gekyk moet word in die lig van sowel die Grondwet van Suid-Afrika as die feit dat diverse geloofsoortuigings op ons kampusse aanwesig is.

Maar die opvallendste sake van die jaar was die taalbeleid en die taalplan. Die IF het afgevaardigdes na prof De Stadler se taakspan gestuur en uiteindelik, in Rapport 6/2002MA, die aanvaarding van die voorgestelde beleid aanbeveel, met die voorbehoud dat die ontwikkeling van isiXhosa as wetenskapstaal en akademiese taal moontlik hersien moet word, veral weens die koste van sulke ontwikkeling. Wat die IF eerder aanbeveel het, is dat isiXhosa as gebruikstaal aan die Universiteit bevorder word.

In die geheel neem die IF aktief deel aan besprekings oor al die kwessies wat die US raak. Daarby herhaal hy graag sy vaste uitnodiging: enigiemand is welkom om sake wat met beleid, kultuur of beplanning aan die Universiteit te make het, onder die IF se aandag te bring vir ondersoek, debat en bespreking.

Leonie Overbeek
Voorsitter